Rassisme, nasionalisme en die Gereformeerde tradisie: ’n narratiewe benadering

J.A. Schlebusch

J.A. Schlebusch, onafhanklike navorser

Opsomming

Gereformeerde teoloë en kerke het die afgelope aantal dekades sterk standpunt ingeneem teen alle vorme van rassisme en nasionalisme. Daar word ter stawing hiervan dikwels ’n beroep gedoen op die leerstellinge van Calvinisme soos dit histories verstaan en geleer is. Die argument is dat Calvinisme vry van eksterne politieke invloede nie sentimente en ideologieë soos rassisme of nasionalisme sou duld nie. Hierdie argument word dan toegepas op die Suid-Afrikaanse konteks van die 20ste eeu.

David Carr se fenomenologies-narratiewe benadering tot die historiografie laat ruimte vir ’n kritiese ontleding van ’n bepaalde groep se selfposisionering binne ’n gegewe histories-narratiewe konteks. Daar word aan die hand van Carr se benadering vanuit die primêre bronne krities besin oor bogenoemde teologiese posisionering binne die Gereformeerde tradisie. Nie ’n bepaalde teologiese standpunt word krities beoordeel nie, maar eerder die beroep op die historiese Calvinisme as bekragtiging van hierdie teologiese standpunt ten opsigte van rassisme en nasionalisme. Hierdeur word ’n oproep gedoen tot die noodsaaklikheid van deurlopende narratiewe herbesinning.

Trefwoorde: Calvinisme; David Carr; Gereformeerd; narratief; nasionalisme; rassisme

Abstract

Racism, nationalism and the Reformed tradition: a narrative approach

Flip Buys, the president of the World Reformed Fellowship, has stated that “the basic doctrines of the sovereignty of God as it has been understood and taught in the Calvinistic tradition” leave no room for “thoughts and practices of racial and tribal discrimination” (Buys 2009:1).

This sentiment enjoys widespread support among both liberal and conservative Calvinist scholars internationally. Expressed within a South African context, this narrative appeal towards the historical understanding and teaching of Calvinism immediately raises questions, especially in light of the well-known fact that during the 20th century prominent Calvinist scholars in South Africa, such as J.D. du Toit and H.G. Stoker, did not share this understanding.

The purpose of this article is not to advocate for any particular theological position, but to critically examine the prevailing narrative appeal towards the Reformed theological tradition to sanction an anti-racist and anti-nationalist position. The prevailing narrative argument that Calvinism would not tolerate any form of nationalism if liberated from external political influences such as those in 20th-century South Africa is tested in light of the sources. The merits of this narrative appeal is investigated using the phenomenological-narrative approach of the contemporary American philosopher of history, David Carr. Carr, like leading postmodernist philosophers of history such as Hayden White, strongly emphasises the narrative character of historiography. However, he also criticises such approaches for their acceptance of an unbridgeable gap between historical reality on the one hand and historical representation on the other. For Carr, all human experience is, by definition, narratively shaped. Narrative provides the coherent framework – spanning past, present and future – necessary to provide meaning to human activity (Carr 2013:2, 7, 67–8). Carr's approach is valuable for a critical analysis of narrative positions, precisely because, unlike postmodern approaches, it ties these narratives to historical reality and primary sources.

Primary sources reveal the historical understanding of concepts such as *race*, *nation*, *racism*, *xenophobia* and *nationalism* among leading Reformed theologians and philosophers from the 16th century onwards. During the last few decades of the 20th century, a condemnation of all forms of racism and nationalism became increasingly characteristic of Reformed theology. However, this development stands in contrast to the opposing positions common among South African, Dutch and American Calvinists from the early 20th century up until as late as the 1970s. The primary sources reveal the weaknesses of a narrative appeal to the Reformed tradition from the 16th century onwards as justification for this later repositioning.

During the 16th century, first-generation reformers such as Martin Luther and Ulrich Zwingli expressed sentiments towards Turkish and Jewish people that could certainly be characterised as xenophobic. In his famous anti-Semitic work, *On the Jews and their lies*, Luther even boasted of being a descendant of the patriarch Japheth, the "true heir" of the gospel (Luther 1543:2). Zwingli, in turn, expressed disdain for the culture of coloured peoples such as Turks (Zwingli 1525:263). Furthermore, Heinrich Bullinger, Zwingli's successor in Zürich and the most prominent covenant theologian of the Reformation, applied the Old Testament covenant relationship between God and Israel to his own Swiss nation (Bullinger 1528:7, 52).

During the early modern era the Dutch anti-Cartesian theologian Hermann Witsius explicitly referred to the Dutch nation as "God's people ... chosen from the nations to be his particular portion" (Witsius 1692:387–8). Across the Atlantic, Jonathan Edwards, himself a defender of the right to own black slaves (Edwards 1741:73-6), lived in a puritan New England where anti-miscegenation laws were common.

In the America of the 19th century, as Reformed thinkers were first coming to terms with social realities that were truly multicultural in the modern sense of the word, both R.L. Dabney in the South and Charles Hodge, the rector of Princeton Theological Seminary in the North, explicitly

endorsed an understanding of races being inherently different and unequal with regard to divinely endowed abilities and appetites (Dabney 1867:352–3). They also used these sentiments as justification for racial separatism.

In the Netherlands, the Calvinist anti-revolutionary movement was characterised by nationalist sentiments. Guillaume Groen van Prinsterer viewed racial integration in a negative light (Groen van Prinsterer 1867:1). Abraham Kuyper concluded his famous *Lectures on Calvinism* by connecting what he understood to be inherent racial differences and inequalities to God's providence and predestination (Kuyper 1898:195–7).

Early in the 20th century, prominent conservative American Calvinists such as John Gresham Machen and the Dutch-born Geerhardus Vos likewise expressed pro-nationalist views. Machen denounced fraternity between races as a liberal heresy (Machen 1923:133), and distinguished between "liberty-loving" and slavish races (1933:1). Vos understood nations and races to be valuable covenantal structures in themselves (Vos 1896:118), and argued in favour of racial and ethnic nationalism, claiming that "under the providence of God each race or nation has a positive purpose to serve, fulfillment of which depends on relative seclusion from others" (1948:72).

Augustine, the church father who historically enjoyed the greatest appeal among Calvinist scholars with his interpretation of Galatians 3:28–29, also set a precedent for ethnocentric theology within the Reformed tradition: Commenting on the passage, he said that despite the unity of the faith, "racial differences" (*differentia gentis*) are to be respected and appreciated in all human interactions by Christians (Augustine 394:2125).

The primary sources bear witness to the fact that, despite historical and contextual differences, in the Reformed tradition there was an abiding undercurrent of racial thinking involving the sentiment that people of European descent formed a separate race, even as descendants of Japheth. This theme was widely present, as was ethnocentric covenantal thinking concerning the special divine election of one's own nation. The thinking of 20th-century South African theologians such as Du Toit and Stoker could not, therefore, as the current prevailing theological narrative proposes, be viewed as unique departures from the Reformed tradition, but rather as in harmony with it. A prominent contemporary Reformed theologian, Timothy Keller, who expresses affinity for the Frankfurt School as influential upon his social theology (Keller 2009:xi–xii) represents a first step towards a necessary narrative repositioning within Reformed circles with regard to the development relating to their rejection of racism and nationalism.

Keywords: Calvinism; David Carr; narrative; nationalism; racism; Reformed

1. Inleiding: Gereformeerde standpunte ten opsigte van ras, volk, rassisme en nasionalisme as narratief bekragtig

Flip Buys, Gereformeerde predikant, professor aan die Noordwes-Universiteit en direkteur van die Wêreld Gereformeerde Bond, merk op: "These basic doctrines of the sovereignty of God as it has been understood and taught in the Calvinistic tradition crushes (*sic)* thoughts and practices of racial and tribal discrimination" (2009:1). Hierdie sentiment, soos verwoord deur

Buys, geniet vandag wydverspreide steun onder beide behoudende en liberale Gereformeerdes oor kerklike en landsgrense heen (sien byvoorbeeld Piper 2011:132 en Boesak 2016:39-40). Ter ondersteuning van die sentiment beroep Buys hom dan ook op hierdie bepaalde tradisie, naamlik die historiese Calvinistiese of Gereformeerde teologie.

Die stelling roep egter onmiddellik vrae op, omdat dit, veral in die Suid-Afrikaanse konteks, welbekend is dat daar binne die Gereformeerde tradisie waarin Buys hom bevind, gedurende die vorige eeu prominente teoloë en denkers (onder andere J.D. du Toit en H.G. Stoker)[1] was wat nie hierdie sentiment sou deel nie. Die vraag kom gevolglik na vore hoe die begrippe *volk*, *ras*, *nasionalisme* en *rassisme* histories binne die Gereformeerde tradisie verstaan is en hoe Gereformeerde teoloë en kerke die historiese omgang met hierdie begrippe geïnterpreteer het. Terme soos *nasionalisme* en *rassisme* word ongelukkig dikwels in verskillende kontekste verskillend gebruik. 'n Algemeen aanvaarde definisie van hierdie begrippe soos hulle in spesifiek die teologiese narratief wat hier onder bespreking is, gebruik word, sou wees: die teologiese regverdiging van die idee dat die eie ras en volk 'n besondere uitverkore status as verbondseenheid geniet, wat gepaardgaan met n besondere gehegtheid aan hierdie ras en volk en diskriminasie teenoor ander.

Die ondersoeksvraag wat in hierdie artikel onder die loep geneem word, behels dus nie 'n teologiese ontleding van bepaalde leerstellige standpunte ten opsigte van rassisme en nasionalisme binne die Gereformeerde tradisie nie. Dit gaan eerder oor 'n kritiese ondersoek na die hedendaagse narratiewe verstaan en posisionering ten opsigte hiervan binne hierdie teologiese tradisie.

Sedert die tweede helfte van die vorige eeu is narratiewe metodes in historiografie ontwikkel, veral in reaksie teen die positivisme met sy oorsaak-gevolg-paradigma. Hayden White was 'n baanbreker op die terrein met hierdie benadering tot geskiedskrywing, wat hy as narratief beskou eerder as die blote weergee van historiese feite (Ankersmit 2009:199–201; Williams 2015:100). White se ingrypende verandering van die metodiek van historiografie is gewortel in literêre kritiek, waarmee White geskiedskrywing as 'n estetiese en poëtiese daad voorhou (White 2014:xxxi–xxxii). White se benadering het natuurlik self onder kritiek deurgeloop. Prominente geskiedsfilosowe soos die Nederlander Chris Lorenz het daarop gewys dat White se benadering gevaarlik naby kom aan 'n redusering van die historiografie tot fiksiegegewe wanneer hy historiografiese tekste as metaforiese konstruksies verstaan wat nie na 'n eksterne realiteit buite die teks self verwys nie (Lorenz 1998:58–60, 133–6). Die vooraanstaande Amerikaanse geskiedsfilosoof David Carr sluit by hierdie kritiek op White aan, maar wys ook daarop dat 'n klem op narratief in die historiografie nie noodwendig 'n redusering daarvan tot fiksie impliseer nie. Waar die postmoderne benadering van White klem lê op die onoorbrugbaarheid van die gaping tussen historiese werklikheid aan die een kant en historiese voorstelling aan die ander, bied Carr se fenomenologies-narratiewe benadering 'n nugter alternatief. In sy *Experience and history: phenomenological perspectives on the historical world* (2014), benader hy narratief self as inherent tot menslike interaksie, sodat menslike ervarings per definisie deur narratief gevorm word (Carr 2014:2, 7). In aansluiting by die Duitse filosoof Edmund Husserl (1859–1938) sien Carr narratief as die singewende raamwerk vir alle menslike handelinge waarin die hede, verlede en toekoms onlosmaaklik verbonde is. Die benadering behels dat die hede altyd gesien word vanuit 'n narratiewe opbou wat die nodige samehangende raamwerk verskaf vir besluitneming en interaksie in die hede, met die oog op toekomstige uitkomste (2014:67–8). Dus word menslike ervaring sinvol alleen wanneer dit *narratief* belig word. Hy pas dit veral toe op groepsformasie waarin historiese narratief as

kollektiewe ervaring dien om ’n groep se selfposisionering, doelwitte en aktiwiteit binne ’n gegewe konteks moontlik te maak en te bekragtig (2014:73–5; 91–2).

’n Belangrike kenmerk van Carr se benadering is dat dit ruimte laat vir die kritiese ontleding van bepaalde historiese narratiewe, juis omdat dit hierdie narratiewe bind aan die werklikheid (en by uitstek aan die primêre bronne) in teenstelling met die suiwer literêre benadering van White. Daarmee word egter geensins ontken dat alternatiewe wat deur enige kritici voorgestel word, nie ook op hulle beurt narratief van aard is nie.

Met Carr se benadering wil ek vanuit die primêre bronne die narratiewe posisionering van Gereformeerde teoloë en kerke gedurende die afgelope paar dekades in die Westerse wêreld, maar veral in Suid-Afrika, ten opsigte van die ideologie van nasionalisme en die onderlinge verhoudinge tussen volke en rasse krities beoordeel. So ’n ontleding van gangbare Gereformeerde kerkhistoriese narratiewe stel dit ten doel om teoloë uit te daag tot narratiewe herbesinning oor begrippe soos *volksnasionalisme*, *rassisme* en *xenofobie* soos dit in moderne standpunte eksegeties, teologies en histories uitgewerk word. Dit moet dus beklemtoon word dat die doel van hierdie artikel nie is om ’n bepaalde teologiese of leerstellige standpunt krities vanuit ’n alternatiewe standpunt te wil beoordeel nie, maar eerder om ’n algemeen aanvaarde teologies-historiese narratief in die Gereformeerde tradisie krities te wil toets.

Daar is naamlik feitlik eenstemmigheid in die Gereformeerde wêreld oor begrippe soos *ras*, *volk* en *nasie*.[2] In ons eie land het die bekende *Kerk en samelewing*-dokument van 1986 ’n nuwe fase vir die NG Kerk ingelui na hul vroeëre ondersteuning van die apartheidsbeleid. In die verklaring *Die NG Kerk en apartheid* uit 2013 verwerp die NG Kerk as vals die “aannames oor die inherente verskille tussen mense” en “die lees van die Bybel deur die bril van volksbelang” as onderliggend aan die nasionalisme van apartheid (NG Kerk in SA 2013:2). Soortgelyke standpunte is ook deur die GKSA en die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika ingeneem (GKSA 1991:160, 169; NHKA 2010:109).

Op internasionale vlak het hierdie posisionering ’n aantal dekades vroeër begin. Reeds in 1951 spreek die Wêreldalliansie van Gereformeerde Kerke sy kommer uit oor nasionalisme, veral in Suid-Afrika (WARC 1951:6-7). Nietemin, selfs in plekke soos die VSA sou dit lank neem vir kerkverbande om dieselfde stap te doen en hul teen rassisme en nasionalisme te posisioneer. Die grootste behoudende Calvinistiese kerkverband in die VSA, die Presbyterian Church in America (PCA), is in 1973 gestig deur teoloë en predikante uit veral die suidelike state wat bekend was vir hul verdediging van rassesegregasie. Selfs so laat as 1987 (let wel, ’n jaar na die verwerping van apartheid deur die NG Kerk in Suid-Afrika) skryf John Edward Richards, een van die PCA se stigters, ’n boek aangaande die stigting van hierdie kerkverband waarin hy die toenemende aanvaarding van rasse-integrasie as een van die redes vir die afstigting aanvoer. In die lig hiervan verwys hy selfs na die “arrogance of men who declare the natural oneness of man” waarteenoor hy dit stel that “we believe in the sovereignty of God and the natural diversity of men[.] In this day men must choose whom they shall serve” (Richards 1987:57). Dit sou tot 2016 duur voordat die PCA ’n amptelike sinodale verklaring teen rassisme sou uitreik het (PCA 2016, Overture 43).

In Nederland, waar sentiment sedert 1948 (toe die Nasionale Party aan bewind gekom het) oor Afrikanernasionalisme nie positief was nie, was daar tog vanuit Gereformeerde kringe ondersteuning daarvoor. Die reformatoriese uitgewer *De Banier* het selfs nog in 1965 ’n boek van F.C. Dominicus met die veelseggende titel *Apartheid, een wijze voorzorg* gepubliseer.

In 1973 skryf die Staatkundig Gereformeerde Partij se voorman in die Tweede Kamer van die Nederlandse regering, Henk van Rossum, die volgende aangaande Suid-Afrika se beleid van rasseskeiding:

> Het huidige systeem heeft bepaald tekortkomingen die om een oplossing vragen, doch waarvan we zien, dat ook de Zuidafrikaanse Regering deze onderkent en naar een oplossing zoekt. Alles wat naar een revolutionaire oplossing zweemt wordt door de S.G.P. fraktie verworpen, ook al geschiedt dit onder welke kerkelijke vlag ook. Gestreefd moet worden naar zelfstandigheid van de thuislanden, echter duidelijk gepaard gaande met steun voor verhoging van de werkgelegenheid en de onderwijsmogelijkheden in deze thuislanden. Begripvolle benadering van de moeilijke problemen van een multiraciale samenleving zal overigens meer resultaat hebben dan allerlei acties, die sterk emotioneel geladen getuigen van onbegrip, vooroordeel en weinig medeleven. (Van Rossum 1973:6)

Nietemin, sedert die laaste paar dekades van die 20ste eeu het Gereformeerde kerke hul leerstellig in hierdie verband herposisioneer. ’n Bestudering van sinodebesluite en verklarings van teoloë dui daarop dat die narratiewe aspek van hierdie herposisionering deurgaans gekenmerk word deur ’n beroep op die evangelie van Jesus Christus soos geopenbaar in die Skrif. In die narratief word aangevoer dat eksegetiese insigte op Gereformeerde grondslag hiervoor deurslaggewend was. In teenstelling hiermee beklemtoon die narratief dat politieke sentimente van die dag vir die aanvanklike 20ste-eeuse standpunt – veral in die Suid-Afrikaanse konteks – deurslaggewend was. Die kerk het van hierdie ideologie afgesien toe die kerk minder druk van buite ervaar het en opnuut die eeue oue boodskap van die evangelie toegeëien het (Loubser 1996:321; Snyman 2010:7). Hierdie herposisionering van Gereformeerdes is by uitstek narratief-histories van aard, veral waar daar ’n beroep gedoen word op die historiese openbaring van die evangelie waarmee (in ’n Suid-Afrikaanse konteks) die Afrikanernasionalisme van die 20ste eeu afgeskiet word as ’n historiese afdwaling of verdraaiing van hierdie evangelie soos binne die konteks van suiwer Gereformeerde teologie verstaan. Histories gesien sou dit beteken dat Gereformeerde teoloë hulle sou distansieer van alle vorme van rasdenke en volksnasionalisme sou daar nie (politieke) invloede van buite wees wat hierdie ideologieë op hulle afdwing nie.

Dit is belangrik om daarop te let dat die afwysing van rasseskeiding binne die Gereformeerde teologie nie bloot te make het met die beleid van apartheid soos dit gedurende die grootste deel van die tweede helfte van die 20ste eeu in Suid-Afrika toegepas is nie. Indien die standpuntinnames goed bestudeer word, word dit duidelik dat daar deurlopend gepolemiseer word teen die teologiese uitgangspunte ten grondslag van die regverdiging van die beleid self. Uit die aard van die Gereformeerde teologie bly dit by uitstek besig met beginsels soos uit die goddelike openbaring afgelei, eerder as blote politieke teorieë aangaande die praktiese inrigting van die staatsbestel. Die bedoeling van Gereformeerde teoloë is dus ook dat hul standpunte in die lig van ’n millennia oue goddelike openbaring gesien moet word. Die standpunte word dus histories (oftewel narratief) nou met hierdie openbaring verbind.

Die artikel se fokus op Gereformeerde narratiewe is nie ’n aanval op die tradisie nie. Dit fokus daarop weens die invloed wat hierdie narratiewe binne die konteks van ’n Afrikaanse geloofsgemeenskap uitoefen. Wanneer standpunt ingeneem word ten opsigte van die historiese ontwikkeling en narratiewe posisionering van ’n bepaalde standpunt, word die skrywer se eie narratiewe posisionering nie ontken nie. Inteendeel, die klem is juis op die noodsaaklikheid

van deurlopende narratiewe herbesinning. Verder moet sterk benadruk word dat hierdie artikel op geen manier beoog om rassisme te rasionaliseer of vergoeilik nie. Die doel is bloot om te wys op die noodsaaklikheid van ’n eerlike historiografiese omgang met die primêre bronne in soverre dit op kwessies soos rassisme en nasionalisme betrekking het.

Die kernvraag is dus of hierdie algemeen-aanvaarde narratief van Gereformeerde kerke en teoloë met die primêre bronne klop. ’n Kritiese ontleding van die primêre bronne dui op die teendeel.

2. Die historiese getuienis van Gereformeerde teoloë

2.1 Die hervormers

Binne die gereformeerde tradisie is daar sedert die 16de eeu deeglike bewyse vir die deurlopende teenwoordigheid van sentimente wat deur kontemporêre teoloë as “rassisties”, “xenofobies”, “nasionalisties” of in stryd met die evangelie bestempel sou kon word. Hierdie soort denke het wydverspreid by die eerste generasie hervormers voorgekom. Dit is belangrik om daarop te let dat geen ander hervormer op enige wyse hierdie hervormers oor hul sentimente aangespreek of weerspreek het nie. Verder is daar niks in die betrokke hervormers se geskrifte wat daarop dui dat hulle op enige stadium van standpunt verander het nie.

2.1.1 Martin Luther (1483–1546)

Streng teologies gesproke sou die argument gemaak kon word dat Martin Luther nie deel van die Gereformeerde tradisie vorm nie en dat Calvyn die vader van Gereformeerde teologie sou wees. Nietemin, daar bestaan beswaarlik kerkhistorici vanuit Gereformeerde kring wat hul nie op Luther beroep nie. Daarom is dit tog gepas om, veral in die lig van my narratiewe benadering, die vader van die Protestantse kerkhervorming hier te bespreek.

Die Europese samelewing waarin Martin Luther hom bevind het, was etnies homogeen. Om praktiese redes het daar min migrasie plaasgevind. Massa-immigrasie was vir die laat-Middeleeuse Europeër ’n ongekende verskynsel. Vir eeue lank het ’n hele klas grenssoldate, bekend as die Akritai, die grense van die Europese ryke bewaak en afgesluit (Bartusis 1997:304). Waar daar wel van buite Europa reisigers gekom het, moes hulle, soos die verhaal van ’n 12de-eeuse reisiger uit die Arabiese wêreld getuig, ’n baie vernederende proses by doeane meemaak (Verdun 2003:94–5). Turke en Jode was van die weinige nie-Europeërs met wie Luther werklik bekend sou gewees het. Sy anti-Semitiese traktaat van 1543, *Von den Juden und iren Lügen*, is welbekend, maar ook die Augsburg-belydenis van 1530, waaragter hy sy volle gewig ingegooi het, noem die Turkse volk die “mees gruwelike, *oorerflike* [*haereditaium*, d.w.s. by wyse van genetiese afstamming] en ou vyand van die goeie Christelike naam en godsdiens” (Melanchton 1530:1 – my eie beklemtoning). Luther, wat vas geglo het dat hy as Europeër ’n afstammeling van Noag se seun Jafet was, skryf dat hy hom “roem” daarop dat hy ’n afstammeling van Jafet is en dat hierdie seun van Noag se nageslag die “ware erfgenaam” van die evangelie is (Luther 1543:2).

2.1.2 Ulrich Zwingli (1484–1531)

Zwingli, wat hom daarop geroem het dat hy 'n Switser is wat die evangelie aan Switsers verkondig, het die Switserse volk as 'n verbondsvolk – "'n Israel van die Alpe" – gesien, met die 12 kantons as korrelerend met die 12 stamme van Israel (Zwingli 1522:25; sien ook George 2013:115).

In 'n poging om sy volksgenote op te roep tot bekering skryf hy by wyse van hiperbool dat hul morele standaarde "slegter is as selfs dié van Jode en Turke". Hier word weer eens op neerhalende wyse verwys na die enigste twee nie-Europese volke met wie die gemiddelde Switser van daardie tyd welbekend sou gewees het (Zwingli 1525:263).

Dit sou neerkom op 'n anakronistiese lees van Luther of Zwingli om te beweer dat hul opmerkings oor Jode en Turke bloot religieus van aard was of om dit te probeer regverdig as apologetiek teen die Judaïsme of Islam. Eerstens moet gelet word op Luther se uitdruklike verwysings na afkoms wanneer hy Jode as Semities en Duitsers as Jafetities onderskei. Die Jafetiet-Semiet-Gamiet-onderskeid verteenwoordig 'n eeue oue paradigma in die tipe rasdenke wat kenmerkend was vir die preverligtingsera in Europa. Tweedens moet by wyse van vergelyking ook daarop gelet word dat Luther byvoorbeeld self kies om in geskrifte uit dieselfde tyd na die Islam te verwys as die "godsdiens van Muhammed" of "die godsdiens van die Turke", en nie met die etniese benaming "Turk" nie (Luther 1530:ii-v). Nietemin, daar is ongetwyfeld ook 'n sterk godsdienstige element in bogenoemde polemiek teen Turke en Jode teenwoordig. Daarom moet die bogenoemde negatiewe verwysings na Jode en Turke by Luther, die Augsburg belydenis en Zwingli binne hul historiese konteks verstaan word as etnoreligieus van aard, d.i. as verwysend na etniese groepe (of, in die geval van Luther, rasse) wat volgens die betrokke skrywers valse godsdienste bevorder.

2.1.3 Heinrich Bullinger (1504–1575)

Zwingli se opvolger in Zürich, Heinrich Bullinger, het waarskynlik meer as enige ander hervormer op verbondsteologie gefokus.[3] Hy het die Ou-Testamentiese verbondsverhouding tussen God en Israel net so op sy eie Switserse volk van toepassing gemaak. Hy skryf in 1528 'n traktaat waarin God die Switserse volk in die eerste persoon aanspreek:

> In al julle oorloë en stryd was Ek jul God. Ek het vir julle geveg, Ek het julle beskerm ... Ek sal julle God wees net soos toe, en julle sal my volk wees ... Versaak julle weë en dien My met geloof, liefde en onskuld ... As julle afvallig word, as julle nie die goeie beskerm en die kwade bestraf nie, as julle nie julle oorloë en sondes los en 'n Christelike regering daarstel nie, sal Ek julle straf soos ek Israel en Juda gestraf het. (Bullinger 1528:7, 52)

Hiermee stel Bullinger sy eie volk verbondsmatig op gelyke voet met Israel van die Ou Testament. Sy beskouing van die Switserse volk as 'n verbondsvolk word nie alleen by wyse van vergelyking met Israel nie, maar veral deur sy hermeneutiese gebruik van verbondstekste soos Eksodus 6:7 en Deuteronomium 28 beklemtoon.

2.2 Die vroeë moderne era

In die vroeë moderne era is verbondsmatige, volksnasionalistiese denke ook sterk teenwoordig onder die mees vooraanstaande Gereformeerde teoloë, beide in Nederland en in Amerika.

2.2.1 Hermann Witsius (1638–1708)

Een van die mees vooraanstaande anti-Cartesiaanse teoloë van die 17de eeu was Hermann Witsius. In een van sy polemiese geskrifte teen Cartesianisme maak hy die volgende stelling aangaande sy eie Nederlandse volk: "Gy zijt Gods volk, daer de Heere soo na by ghekomen is, die Hy uyt soo veel andere volcken op een bysondere wijse hem tot een eygendom verkooren heeft, en daer Hy dan oock billijck wat meerder van verwacht, als van de rest" (Witsius 1692:387-8).

Die besondere uitverkiesing van die Nederlanders as verbondsvolk met 'n besondere roeping word dus eksplisiet deur Witsius uitgespel en gepropageer. Bostaande aanhaling dien as 'n interessante voorbeeld van etnosentriese denke binne die konteks van die Nadere Reformatie in Nederland.

2.2.2 Jonathan Edwards (1703–1758)

In die VSA het die Puriteinse kolonie van Massachusetts tydens die leeftyd van Jonathan Edwards – in 1705 – 'n wet ingestel wat huwelike tussen blankes en ander rasse verbied het (Sollors 2000:144). (Edwards self was ook 'n verdediger van die praktyk om swart slawe te besit – kyk Edwards 1741:73–6.)

2.3 Die 19de eeu

2.3.1 Robert Lewis Dabney (1820–1898)

In die daaropvolgende eeu het teoloë in beide die Suide en Noorde van die VSA nasionalistiese rasdenke verkondig. Van hierdie teoloë is die Presbiteriaan Robert Lewis Dabney seker die bekendste. Hy was 'n *Southerner* en een van die mees gerespekteerde teoloë van sy tyd. Hy was 'n nasionalistiesgesinde teoloog wat die Unie daarvan beskuldig het dat hulle rasse-integrasie as uiteindelike oogmerk het. Hy skryf in sy *Defense of Virginia, and through her, the South*:

> [W]hile we believe that "God made of one blood all nations of men to dwell under the whole heavens", we know that the African has become, according to a well-known law of natural history, by the manifold influences of the ages, a different, fixed species of the race, separated from the white man by traits bodily, mental and moral, almost as rigid and permanent as those of genus. Hence the offspring of an amalgamation must be a hybrid race, stamped with all the feebleness of the hybrid, and incapable of the career of civilization and glory as an independent race. And this apparently is the destiny which our conquerors have in view. (Dabney 1867:352–3)

Hy skryf verder:

> [Union with the Northern Presbyterian Church] means, of course, that we must imitate the church which absorbs us, in the ecclesiastical amalgamation with negroes; accepting negro presbyters to rule white churches and judge white ladies; a step which would seal the moral and doctrinal corruption of our church in the South, and be a direct step towards that final perdition of Southern society, domestic amalgamation. And the time would come in the South – yea, in the North also, as it found itself encumbered with this gangrened limb – a mulatto South, when all who had lent a hand, under the prompting of a puling sentimentalism, to this result, would incur the reprobation of all the wise and good, in terms as just, and as bitter, as those visited on Benedict Arnold. (Dabney 1891:624)

2.3.2 Charles Hodge (1797–1878)

Anders as Dabney, was Charles Hodge van die Noorde. Hy was die tweede rektor van Princeton Theological Seminary in New Jersey, 'n posisie wat hy van 1851 tot 1878 beklee het. Hodge het die bestaan van verskillende rasse, asook hul inherente verskille, beklemtoon en die kwessie van rasseverhoudings op die spits gedryf. Hy skryf onder andere die volgende:

> [The] differences between the Caucasian, Mongolian, and negro races, ... [are] known to have been as distinctly marked two or three thousand years before Christ as it is now... [T]hese varieties of race are not the effect of the blind operation of physical causes, but by those causes as intelligently guided by God for the accomplishment of some wise purpose ... God fashions the different races of men in their peculiarities to suit them to the regions which they inhabit ... It is admitted that nations as well as tribes and families, have their distinctive characteristics, and that these characteristics are not only physical and mental, but also social and moral. Some tribes are treacherous and cruel. Some are mild and confiding. Some are addicted to gain, others to war. Some are sensual, some intellectual. We instinctively judge of each according to its character ... [A]dmitting that these dispositions are innate and hereditary, and that they are not self-acquired by the individual whose character they constitute, we nevertheless, and nonetheless, approve or condemn them according to their nature ... The Irish people have always been remarkable for their fidelity; the English for honesty; the Germans for truthfulness. These national traits, as revealed in individuals, are not the effect of self-discipline. They are innate, hereditary dispositions, as obviously as the physical, mental, or emotional peculiarities by which one people is distinguished from another. And yet by the common judgment of men this fact in no degree detracts from the moral character of these dispositions. (Hodge 1872:39, 112–113)

In sy kommentaar op Romeine 9:3 identifiseer hy ook 'n bepaalde volksliefde en lojaliteit by Paulus:

> Paul had two classes of brethren; those who were with him the children of God in Christ; these he calls brethren in the Lord, Philip. i. 14, holy brethren, &c. The others were those who belonged to the family of Abraham. These he calls brethren after the flesh, that is, in virtue of natural descent from the same parent. Philemon he addresses as his brother, both in the flesh and in the Lord. The Bible recognizes the validity and rightness of all the constitutional principles and impulses of our nature. It therefore

> approves of parental and filial affection, and, as is plain from this and other passages, of peculiar love for the people of our own race and country. (Hodge 1835:298)

2.3.3 Guillaume Groen van Prinsterer (1801–1876)

Guillaume Groen van Prinsterer was streng gesproke nie ’n teoloog nie, maar ’n historikus, geskiedsfilosoof, staatsman en juris. Nietemin, sy Gereformeerde belydenis het sy geskrifte ’n teologiese inslag gegee wat hom ’n noemenswaardige plek in enige historiese oorsig oor Gereformeerde teologie van die 19de eeu behoort te waarborg. Hy was die stigter van ’n antirevolusionêre beweging in Nederland wat uiteindelik sou uitgroei tot die politieke party onder wie se vaandel sy opvolger, Abraham Kuyper (sien bespreking hier onder), tot eerste minister van Nederland verkies sou word.

Teen die einde van sy lewe, reeds teen die tyd dat Kuyper die leisels van die beweging begin oorneem het, lewer Groen in Augustus 1867 ’n toespraak by die vyfde algemene vergadering van die internasionale Evangeliese Alliansie. Hierin betreur hy eksplisiet wat hy beskou as die revolusionêre agenda van rassevermenging en afskaffing van politieke grense tussen verskillende volke as ’n middel tot die verkryging van absolute staatsmag:

> Weet u, diepzinnige wijsgeren, wijze politici, weldoeners van het moderne Europa, wat u krijgt als u het *nec plus ultra* van uw utopieën zou bereiken? Dan krijgt u, als je het zo mag noemen, kleurloze naties zonder ruggengraat, bevolkingsgroepen, menigten, massa’s, samenraapsels van individuen, verzamelingen atomen, dan krijgt u stof dat modder wordt.
>
> Dan krijgt u een materie die op tweeërlei wijze gebruikt kan worden. Huurlingen voor alle mogelijke vormen van òf anarchie òf despotisme. Zoals Vinet het uitdrukte: “vandaag rebellen, morgen slaven”. Dan krijgt u, met uw eenheid van gebied, taal en ras, de rassen waarover de Tocqueville het had in zijn bewonderenswaardige geschriften; schapenrassen met herders die hen naar de schaapskooi of naar de slager zullen leiden; die laten hen grazen in de vette weiden van de goddeloosheid en de zonde, om ze vervolgens het avontuur in te sturen: het bloedblad van de slagvelden. Dan krijgt u, kortom, de gruwelijkheden van een nieuwe wreedheid te midden van het meest verfijnde raffinement van de beschaving.
>
> Wat een somber vooruitzicht! Te somber? Ik betwijfel het. Laten we ons geen illusies maken. (Groen van Prinsterer 1867:1)

2.3.4 Abraham Kuyper (1837–1920)

Indien daar een prominente historiese figuur binne die Gereformeerde teologie is op wie die heersende narratief skynbaar ’n beroep sou kon doen, is dit sekerlik Abraham Kuyper, die Nederlandse teoloog en staatsman uit die vroeg-20ste eeu. Dit blyk spesifiek uit sy *Lectures on Calvinism*, wat hy kort voor die eeuwisseling gelewer het by die einste Princeton waar Hodge vroeër rektor was. Die rede hiervoor is dat Kuyper in sy eerste lesing die volgende sê:

> Thus on the one hand there are groups which have dominated exclusively their own inherent forces and on the other hand groups which by co-mingling have crossed their traits with those of other tribes, so having attained a higher perfection. It is noteworthy

> that the process of human development steadily proceeds with those groups whose historic characteristic is not isolation but the co-mingling of blood. On the whole the Mongolian race has held itself apart, and in its isolation has bestowed no benefits upon our race at large. Behind the Himalayas a similar life secluded itself, and hence failed to impart any permanent impulse to the outside world. Even in Europe we find that with the Scandinavians and Slavs there was hardly any intermingling of blood, and, consequently having failed to develop a richer type, they have taken little part in the general development of human life. (Kuyper 1898:35)

Oppervlakkig en in afsondering beskou, sou dit natuurlik as ’n pleidooi vir rasse-integrasie gesien kon word, maar selfs dan sou dit aanvaar moet word as een wat terselfdertyd volledige erkenning gee aan die idee van die ongelykheid van rasse. Die stelling word in die eerste plek immers voorafgegaan deur die woorde “the children of Shem and the children of Japheth have been the sole bearers of the development of the [human] race. No impulse for any higher life has ever gone forth from the third group” (ibid.).

Tweedens moet ook bygesê word dat Kuyper later, in sy sesde en laaste lesing van dieselfde reeks, die volgende stellings sou maak waarin hy die leer van Goddelike voorsienigheid en uitverkiesing verbind met ’n uitdruklik anti-evolusionêre beskouing van die ongelykhede en verskille tussen rasse:

> [B]efore I close, I feel nevertheless that one question continues to press for an answer, which accordingly I shall not refuse to face, the question, namely, at what I am aiming in the end: at the abandonment or at the maintenance of the doctrine of election ... Our generation turns a deaf ear to Election [God’s order], but grows madly enthusiastic over Selection [encompassing everything from evolution to democracy, liberalism, imagination, and license] ... The problem concerns the fundamental question: Whence are the differences? Why are not all alike? Whence is it that one thing exists in one state, another in another? There is no life without differentiation, and no differentiation without inequality. The perception of difference, the very source of our human consciousness, the causative principles of all that exists and grows and develops, in short the mainspring of all life and thought ... Whence are those differences? Whence is the dissimilarity, the heterogeneity of existence, of genesis, and consciousness? To put it concretely, if you were a plant *you would rather be* a rose than mushroom; if insect, butterfly rather than spider; if bird, eagle rather than owl; if a higher vertebrate, lion rather than hyena; and again, being man, richer than poorer, talented rather than dull-minded, *of the Aryan race rather than H*** or K****. Between all these there is differentiation, wide differentiation. Everywhere then differences, differences between the one being and the other; and that, too, *such differences as involve in almost every instance, preference* ... This is the one supreme question in the vegetable and animal kingdom, among men, in all social life, and it is by means of the theory of Selection that our present age attempts to solve this problem of problems ...
>
> ... Calvinism dared to face this same all-dominating problem, solving it, however, not in the sense of a blind selection stirring in unconscious cells, but honoring the sovereign choice of Him Who created all things visible and invisible. The determination of the existence of all things to be created, of what is to be camellia or buttercup, nightingale or crow, hart or swine, and, equally among men, the determination of our own persons, whether one is to be born as girl or boy, rich or poor, dull or clever, *white or colored*,

> or even as Abel or Cain, is the most tremendous predestination conceivable in heaven or on earth; and still we see it taking place before our eyes every day, and we ourselves are subject to it in our entire personality; our entire existence, our very nature, our position in life being entirely dependent on it. This all-embracing predestination, the Calvinist places, not in the hand of man, and still less in the hand of a blind natural force, but in the hand of Almighty God, Sovereign Creator and Possessor of heaven and earth; and it is in the figure of the potter and the clay that Scripture has from the time of the Prophets expounded to us this all-dominating election. Election in creation, election in providence, and so election also to eternal life; election in the realm of grace as well as in the realm of nature. (Kuyper 1898:195–7; beklemtoning is my eie)

Hierdie is niks minder as ’n regverdiging van diskriminasie teen mense op grond van ras nie. Meer nog, hierdie regverdiging word selfs in kenmerkende Gereformeerde leerstellings soos die voorsienigheid en uitverkiesing begrond.

2.4 Die vroeg-20ste eeu

2.4.1 John Gresham Machen (1881–1937)

John Gresham Machen was professor in Nuwe Testament by Princeton Theological Seminary vanaf 1906 tot 1926. Hy word as die voorman van die konserwatiewe kant in die teologiese stryd tussen konserwatiewes en liberales by Princeton in die 1920’s beskou. Hy word ook beskou as die vader van die Orthodox Presbyterian Church in die VSA.

In sy geskrifte spreek hy selde die kwessie van ras of volk aan, maar hy beskryf wel die sentrale leerstelling van die liberalisme waarteen hy in *Christianity and Liberalism* polemiseer, as “that all men everywhere, no matter what their race or creed, are brothers” (Machen 1923:133).

In ’n Augustus 1933-referaat oor die noodsaaklikheid van die Christelike skool merk Machen op:

> In the presence of this apparent collapse of free democracy, any descendant of the liberty-loving races of mankind may well stand dismayed; and to those liberty-loving races no doubt most of my hearers tonight belong. I am of the Anglo-Saxon race; many of you belong to a race whose part in the history of human freedom is if anything still more glorious ... (Machen 1933:1)

Hy onderskei dus mense van Europese afkoms as “liberty-loving” waarteenoor ander rasse dus by implikasie nie so vryheidsgesind sou wees nie.

2.4.2 Geerhardus Vos (1862–1949)

Een van Machen se groot geesgenote en, soos hy, ’n kampvegter vir die behoudende teologie by Princeton, was Geerhardus Vos. Vos is in Heerenveen in Nederland gebore en het op die ouderdom van 19 na die VSA verhuis, waar hy uiteindelik in die teologiese fakulteit van Princeton Bybelwetenskap doseer het. As gevolg van sy bydrae word hy deur sommige as die vader van Gereformeerde Bybelwetenskap beskou (Hyun 2015:69).

Hy publiseer reeds vroeg in sy lewe sy *Gereformeerde Dogmatiek*. Hierin beklemtoon hy ten opsigte van Paulus se rede aangaande die inenting van nie-Israeliete op die natuurlike olyfboom van Romeine 11 dat die teks nie die leer van die volharding van die uitverkorenes (soos uiteengesit in die Dordtse leerreëls) weerspreek nie. Hy skryf in dié verband die volgende (ek kon ongelukkig nie toegang tot die oorspronklike Nederlandse teks kry nie en plaas dus hier dus die onlangs-gepubliseerde Engelse vertaling van Richard Gaffin):

> [The] "branches broken off" metaphor has frequently been viewed as proof of the relativity and changeability of election, and it is pointed out that at the end of vs. 23, the Gentile Christians are threatened with being cut off in case they do not continue in the kindness of God. But wrongly. Already this image of engrafting should have restrained such an explanation. *This image is nowhere and never used of the implanting of an individual Christian into the mystical body of Christ by regeneration. Rather, it signifies the reception of a racial line or national line into the dispensation of the covenant or their exclusion from it. This reception, of course, occurs by faith in the preached word, and to that extent, with this engrafting of a race or a nation*, there is also connected the implanting of individuals into the body of Christ. The cutting off, of course, occurs by unbelief; not, however, by the unbelief of persons who first believed, but solely by the remaining in unbelief of those who, by virtue of their belonging to the racial line, should have believed and were reckoned as believers. So, *a rejection (or multiple rejections) of an elect race is possible, without its being connected to a reprobation of elect believers*. Certainly, however, the rejection of a race or nation involves at the same time the personal reprobation of a sequence of people. Nearly all the Israelites who are born and die between the rejection of Israel as a nation and the reception of Israel at the end times appear to belong to those reprobated. And *the threat of Romans 9:22 (of being broken off) is not directed to the Gentile Christians as individual believers but to them considered racially.* (Vos 1896:118; beklemtoning is my eie)

Vir Vos impliseer die verkondiging van die evangelie aan verskillende volke en rasse dat hierdie volke en rasse op sigself verbondstrukture word. Maar wat is die implikasie hiervan? Vos sou dit later soos volg in sy *Biblical Theology* (wat wel oorspronklik in Engels verskyn het) verduidelik waar hy Genesis 11:1-9 bespreek:

> Nationalism, within its proper limits, has the divine sanction; an imperialism that would, in the interest of one people, obliterate all lines of distinction is everywhere condemned as contrary to the divine will. Later prophecy raises its voice against the attempt at world-power, and that not only, as is sometimes assumed, because it threatens Israel, but for the far more principal reason, that the whole idea is pagan and immoral. Now it is through maintaining the national diversities, as these express themselves in the difference of language, and are in turn upheld by this difference, that God prevents realization of the attempted scheme. Besides this, however, a twofold positive divine purpose may be discerned in this occurrence. In the first place there was a positive intent that concerned the natural life of humanity. Under the providence of God each race or nation has a positive purpose to serve, fulfillment of which depends on relative seclusion from others. And secondly, the events at this stage were closely interwoven with the carrying out of the plan of redemption. They led to the election and separate living of one race and one people. Election from its very nature presupposes

> the existence of a larger number from among which the choice can be made. (Vos 1948:72)

Vos betoog hier uitdruklik vir ’n Christelike etniese nasionalisme en selfs vir ’n vorm van rasseskeiding as in ooreenstemming met die goddelike wil. Veral die laaste sin van bostaande aanhaling sluit dan ook aan by sy idee (soos uitgedruk in sy *Gereformeerde Dogmatiek*) van die uitverkiesing van volke wat dan as volke, eerder bloot as individue, in die geestelike Israel opgeneem word.

Die verstommende van hierdie pleidooi vir rassisme en nasionalisme vanuit Gereformeerde kring is die naoorlogse Euro-Atlantiese historiese konteks waarin dit geskryf is. Vos sou sekerlik welbekend gewees het met die toegewyde stryd van vooraanstaande Gereformeerde teoloë soos Karl Barth teen die nasionalisme in Duitsland voor en gedurende die Tweede Wêreldoorlog. Nieteenstaande sy vae verwysing na die “proper limits” van nasionalisme in bostaande aanhaling noem hy nooit in sy *Biblical Theology* enige negatiewe aspekte of gevolge van nasionalisme nie.

2.5 Augustinus as Gereformeerdes se kerkvader

Bogenoemde skrywers binne die Gereformeerde tradisie se historiese kontekste het radikaal verskil, soos ook die kwessies wat hul aangespreek het. Die leerstellige stellinginname en besinning oor kwessies aangaande ras en volk het dus in diepte en intensiteit toegeneem namate Gereformeerde teoloë in die Westerse wêreld toenemend gekonfronteer is met veelrassigheid en multikulturalisme in die moderne sin van die woord. Dit is egter duidelik dat die idee dat volke – individueel en elk afsonderlik – ’n verbondsmatige karakter vertoon waardeur etniese solidariteit en afsondering geregverdig kan word, soos ’n goue draad deur die Gereformeerde tradisie vanaf die 16de tot die middel van die 20ste eeu loop. ’n Eerlike omgang met die primêre bronne verg ook dat bygesê moet word dat die eerste generasie hervormers nie iets nuuts hieroor gepropageer het nie. Hul het bloot aansluiting gevind by die voorafgaande teologiese tradisie. Augustinus, die kerkvader wat ongetwyfeld die grootste invloed op die Gereformeerde tradisie uitgeoefen het, het in ’n kommentaar op Galasiërs 3:28–29 geskryf dat

> verskille ten opsigte van ras (*gentium*) en toestand (*conditiones*) en geslag (*sexus*) ... bly ingebed in ons menslike interaksies, en die apostels self leer dat dit gerespekteer moet word deur die loop van hierdie lewe. Hulle het selfs as heilsame reël voorgestel dat daar ooreenkomstig die rasseverskille (*differentia gentis*) tussen Jode en Grieke geleef moet word. (Augustinus 1841:2125 – my eie vertaling uit die oorspronklike Latyn)

Hiermee het Augustinus ’n presedent geskep wat ten minste ruimte gelaat het vir die etnosentriese interpretasie van die besondere uitverkiesing en roeping van die eie volk as verbondseenheid binne die Westerse Christendom en die Gereformeerde tradisie in die besonder.

2.6 Gevolgtrekking uit die primêre bronne

Ten spyte van groot verskille in historiese konteks tussen teoloë was daar histories gesien binne die Gereformeerde tradisie altyd die idee teenwoordig dat die Europeërs of mense van Europese afkoms van Noag se seun Jafet afstam en dus ’n aparte ras vorm van Semiete of

Gamiete. Die kwessie van ras en volk en die verbondsmatige verstaan daarvan sou natuurlik toenemend vanaf die 19de eeu aandag geniet, veral namate dit vir Amerikaanse Gereformeerdes in hul historiese konteks meer aktueel sou word. Etnosentriese denke was deurlopend teenwoordig – vergelyk byvoorbeeld Bullinger (16de eeu) en Witsius (17de eeu) se idees aangaande hul eie volk se besondere uitverkiesing en verbondsverhouding met God, met Machen se bewering dat sy eie Angel-Saksiese (sub)ras in teenstelling met ander rasse 'n vryheidliewende ras is. Die idee sou uiteindelik sy mees uitdruklike vorm kry in die geskrifte van Vos, maar sy Suid-Afrikaanse tydgenote, soos J.D. du Toit en H.G. Stoker, kan nie van hierdie tradisie losgemaak word nie. Laasgenoemde twee se regverdiging van Afrikaner-nasionalisme en afsonderlike ontwikkeling binne die Suid-Afrikaanse konteks (Du Toit 1944:1; Stoker 1967:216) kan dus nie as 'n uitsonderlike afwyking van die norme van hierdie tradisie beskou word soos algemeen beweer word nie. Wat verder van belang is om op te let, is: (1) dat daar nog ander, minder prominente, teoloë binne die Gereformeerde tradisie is wat soortgelyke sentimente uitgespreek het as dié wat hier bo bespreek is, maar waarvoor daar in hierdie artikel nie ruimte is nie; en (2) dat daar geen noemenswaardige teologies-gefundeerde weerstand teen hierdie sentimente van binne die Gereformeerde tradisie tot en met die tweede helfte van die 20ste eeu was nie.

Dit blyk dat minstens een leidende Gereformeerde teoloog wat welbekend is vir sy antirassistiese sentimente en aktivisme vir sosiale geregtigheid, onlangs wel begin het om die tekortkominge in hierdie narratief uit te wys. Timothy Keller, waarskynlik die mees prominente teoloog binne die Presbyterian Church in America vandag, skryf in sy *Reason for God* (2009:xi–xii) dat sy kontak tydens sy studie in die 1960's met die Frankfurt-skool, wat gekenmerk word deur sy Freudiaans- en Hegeliaans-Marxisties-geïnspireerde sosiale kritiek, 'n deurslaggewende invloed op sy vorming as teoloog uitgeoefen het. Keller se toegewing dui daarop dat daar juis ander filosofiese tradisies was wat sy denke oor rassisme en sosiale geregtigheid beïnvloed het, eerder as dat hy vanuit Gereformeerde bronne tot sy oortuigings gebring is.

Die Frankfurt-skool bied juis 'n stimulerende benadering waarmee rassisme en nasionalisme bestry kan word. Die skool, wat oorspronklik tydens die opkoms van Nazisme by die Goethe-universiteit in Frankfurt as reaksie daarteen ontwikkel het, bevorder 'n psigoanalitiese benadering tot die verskynsels van rassisme, nasionalisme en anti-Semitisme. Die skool benadruk dat 'n bepaalde woede teenoor verskille deel vorm van 'n dominerende impuls wat histories kenmerkend is van die Westerse beskawing. Hierdie diskriminerende impuls dien dan as regverdiging van haatgevoelens teenoor en uitsluiting van "die ander", wat dan in nasionalisme, rassisme en anti-Semitisme beslag vind (Clarke 2017:79, 82).

3. Slot

Ter afsluiting moet weer eens beklemtoon word dat hierdie artikel *nie 'n bepaalde teologiese standpuntinname ten doel het nie*. Met ander woorde, die legitimiteit of ortodoksie van die eksegetiese en hermeneutiese uitgangspunte waarmee teoloë soos Buys, Piper en Boesak rassisme en etniese nasionalisme afwys, is nie die fokus hier nie, maar eerder *die narratiewe strategie waarmee legitimiteit binne die Gereformeerde tradisie opgeëis word*.

Die getuienis van die primêre bronne dui daarop dat die herbesinning vanuit Gereformeerde kringe aangaande kwessies soos ras, volk, rassisme en nasionalisme 'n relatief onlangse ontwikkeling is en dat 'n beroep op die Gereformeerde tradisie om hierdie herposisionering te legitimeer, nie met die getuienis van die primêre bronne klop nie. Daarmee *word ook nie noodwendig geïmpliseer dat diegene wat die huidige gangbare standpunt van hoofstroom-Gereformeerde Kerke handhaaf* per se *ongereformeerd sou wees nie, maar eerder dat hul teologiese sentimente in dié verband nie narratief bekragtig kan word deur die "basic doctrines of the sovereignty of God as it has been understood and taught in the Calvinistic tradition" (à la Buys) nie*. Etnosentriese sentimente, asook sentimente wat vandag deur Gereformeerdes as "rassisties" beskryf sou word, is deurlopend teenwoordig in die denke van die mees vooraanstaande teoloë binne die Gereformeerde tradisie van die 16de tot die middel van die 20ste eeu.

Daar is egter toenemend stemme vanuit Gereformeerde kringe self, soos dié van Tim Keller, wat krities kyk na die narratief dat Gereformeerde teologie histories 'n positiewe kyk op rasse-integrasie en gelykheid gehad het en 'n negatiewe houding jeens nasionalisme, rassisme en etnosentrisme getoon het. Hierdie kritiese en alternatiewe gesigspunt ten opsigte van die heersende narratief hou deegliker rekening met die primêre bronne en die historiese ontwikkeling van Gereformeerde teologie. Die hoop is dat daar binne die Gereformeerde tradisie toenemend herbesinning sal plaasvind ten opsigte van die narratiewe bekragtiging van gangbare standpunte aangaande rassisme en nasionalisme.

Bibliografie

Primêre bronne

Augustinus, A. 1841 (394). *Opera Omnia, tomus tertius, pars altera*. Parys: Gallice.

Boesak, A.A. 2016. *Kairos, crisis, and global apartheid: The challenge to prophetic resistance*. New York: MacMillan.

Bullinger, H. 1544 (1528). *Anklag und erstliches ermanen Gottes Allmachtigen zu eyner gemeynnen Eydgenosschaft*. Zürich: Froschauer.

Buys, P.J. 2009. *Calvinism and racism: A South African perspective*. World Reformed Fellowship. http://wrfnet.org/resources/2009/01/calvinism-and-racism-south-african-perspective (18 Mei 2019 geraadpleeg).

Claghorn, G.S. (red.). 1998. *The works of Jonathan Edwards, vol. 16: Letters and Personal Writings.* New Haven: Yale University Press.

Dabney, R.L. 1867. *A Defense of Virginia, and through her, the South*. New York: E.J. Hale & Son.

—. 1891. *Discussions Vol. 2: Evangelical and Theological*. Harrisonburg, VA: Sprinkle Publications.

Du Toit, J.D. 1944. *Die godsdienstige grondslag van ons rassebeleid.* Referaat gelewer tydens die Volkskongres oor die rassebeleid. http://www.thezir.com/dot6ix/bib/rassebeleid/Die%20Godsdienstige%20Grondslag%20van%20ons%20Rassebeleid.htm (21 Mei 2019 geraadpleeg).

Edwards, J. 1741. Draft Letter on slavery. In Claghorn (red.) 1998.

GKSA. 1991. *Handelinge van 44e Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika*. Potchefstroom: Administratiewe Buro.

Groen van Prinsterer, G. 1867. *De religieuze nationaliteit met betrekking tot Nederland en de Evangelische Alliantie*. Amsterdam: Höveker.

Hodge, C. 1835. *Commentary on the Epistle to the Romans*. Hersiene uitgawe, 1993. Grand Rapids: Eerdmans.

—. 1872. *Systematic theology, Volume II.* New York: Scribner.

Keller, T. 2009. *The reason for God*. Londen: Hodder & Stoughton.

Kuyper, A. 1898. *Lectures on Calvinism*. Hersiene uitgawe, 2007. New York: Cosimo.

Luther, M. 1530. *Adlectorem*. In Libellus de ritu et moribus Turcorum. Wittenberg: Luft.

—. 1543. *Von den Jüden und iren lügen*. Wittenberg: Lufft.

Machen, J.G. 1923. *Christianity and Liberalism*. Hersiene uitgawe, 2009. Grand Rapids: Eerdmans.

—. 1993. *The necessity of the Christian school.* PCA Historical Centre. http://www.pcahistory.org/documents/necessity.html(18 Mei 2019 geraadpleeg).

Melanchton, P. 1530. *Confessio Augustana*. Project Gutenberg. http://www.gutenberg.org/files/607/607.txt (17 Mei 2019 geraadpleeg).

NG Kerk in SA. 2013. *Die NG Kerk en apartheid*. https://kerkargief.co.za/doks/bely/GD_apartheid.pdf (17 Mei 2019 geraadpleeg).

—. 1986. *Kerk en samelewing*. https://kerkargief.co.a/doks/bely/GD_KerkSamelewing.pdf (17 Mei 2019 geraadpleeg).

NHKA (Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika). 2010. *Besluitebundel van die 69e Algemene Kerkvergadering*. Pretoria: Kerkargief.

PCA (Presbyterian Church in America). 2016. *Overture 43*. https://byfaithonline.com/wp-content/uploads/2016/06/Overture-43-clean.pdf (17 Mei 2019 geraadpleeg).

Piper, J. 2011. *Bloodlines: race, cross and the Christian.* Wheaton, IL: Crossway.

Richards, J.E. 1987. *The historical birth of the Presbyterian Church in America*. Liberty Hill, SC: The Liberty Press.

Schuler, M. en J. Schultress (reds.). 1832. *Huldrici Zwinglii Opera*. Zürich: Schultress.

Stoker, H.G. 1967. *Oorsprong en rigting I*. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.

Van Rossum, H. 1973. Zuid-Afrika en de pers. *De Banier*, 11 Oktober 1973, ble. 5–6.

Vos, G. 1896. *Reformed Dogmatics vol. 1: Theology Proper*. Vertaal deur Richard Graffin. Bellingham, WA: Lexham Press.

—. 1948. *Biblical Theology: Old and New Testaments*. Eerdmans: Grand Rapids.

WARC. 1951. *Minutes of the Executive Committee* [WARC Argief: EXC002]. Genève:

Wêreldbond van Gereformeerde Kerke.

Witsius, H. 1692. *Twist des Heeren met sijn wyngaert*. Utrecht: Balthasar Lobé.

Zwingli, U. 1522. *Apologeticus Archeteles ad pellatus*. Zürich: Forschauer.

—. 1525. Commentarius de vera et falsa religione. In Schuler en Schultress (reds.) 1832.

Literatuur

Ankersmit, F. 2009. *Narrative, an Introduction*. In Ankersmit, Domanska en Kellner (red.) 1990.

Ankersmit, F., E. Domanska en H. Kellner (reds.). 2009. *Re-figuring Hayden White*. Stanford, CA: Stanford University Press.

Bartusis, M.C. 1997. *The Late Byzantine Army: Arms and Society, 1204–1453*. Philadelphia: University of Pennsylvania Press.

Carr, D. 2014. *Experience and history: Phenomenological perspectives on the historical world*. New York: Oxford University Press.

Clarke, S. 2017. *Social theory, psychoanalysis and racism.* New York: Macmillan.

George, T. 2013. *Theology of the Reformers*. Nashville: B & H Publishing.

Hyun, Y.H. 2015. *Redemptive-historical hermeneutics and homiletics – Debates in Holland, America and Korea from 1930 to 2012.* Eugene, OR: WIPF & Stock.

Lorenz, C. 1998. *De constructie van het verleden. Een inleiding tot de theorie van de geschiedenis*. Amsterdam: Boom.

Loubser, J.A. 1996. Apartheid theology: A "contextual" theology gone wrong? *Journal of Church and State*, 38(2):321–7.

McCoy, C.S. en J.W. Baker. 1991. *Fountainhead of federalism: Heinrich Bullinger and the covenantal tradition.* Louisville, KY: Westminster/John Knox.

Snyman, G. 2010. Anders lees, sien, praat en glo – 'n antwoord op ander se lees van "Om die Bybel anders te lees: 'n etiek van Bybellees". *Verbum et Ecclesia*, 31(1), Art. #303.

Sollors, W. 2000. *Interracialism: Black-white intermarriage in American history, literature, and law*. New York: Oxford University Press.

Verdun, J. 2003. *Travel in the Middle Ages*. Vertaal deur George Holoch. Notre Dame: University of Notre Dame Press.

White, H. 1973. *Metahistory: The historical imagination in nineteenth-century Europe*. Hersiene uitgawe, 2014. Baltimore, MD: Johns Hopkins University Press.

Williams, R.C. 2012. *The historian's toolbox: A student's guide to the theory and craft of history*. Hersiene uitgawe, 2015. New York: Routledge.

Eindnotas

[1] Sien die tersaaklike verwysings na Totius en Stoker se werke in afdeling 2.6, Gevolgtrekking uit die primêre bronne.

[2] Ek gebruik die woorde "feitlik eenstemmigheid" omdat daar (hoewel minimaal) tog uitsonderings bestaan, soos die Afrikaanse Protestantse Kerk in Suid-Afrika en Christ the King Reformed Church in die VSA.

[3] McCoy en Baker (1991:27) meen dat Bullinger se verbondsdenke sentraal was tot die federale politieke tradisie binne die Westerse Christendom, 'n tradisie met 'n omvangryke invloed op die politieke ontwikkeling van Switserland, Brittanje en die VSA, wat nouliks oorskat kan word.